DAAGLIKSE GEBEDSPUNTE – Februarie 2010

Maandag 1 Februarie 2010

Gebedsfokus op redding: Garage- en diensstasie-eienaars

Dra die eienaars en personeel van garages en vulstasies in gebed aan die Here op. Bid dat hulle harte oop en ontvanklik sal wees vir God se stem in hulle lewens en dat hulle vrae sal vra oor die rede vir hulle bestaan. Bid dat ons as hulle kliënte Christus op 'n baie eenvoudige en toepaslike wyse aan hulle bekend sal stel. Bid dat hulle hulle lewens volkome aan die Here Jesus sal oorgee.

Gebedsfokus op moraliteit: Pogings om prostitusie in Suid-Afrika te wettig

'n Onlangse opname het getoon dat 79% van Suid-Afrikaners teen die wettiging van prostitusie gekant is. Suid-Afrika se liberale media weier egter om erkenning te gee aan en te berig oor die honderde waarskuwings van regoor die wêreld oor die gevare van die wêreldwye handeldrywing met seks, insluitend die ontploffing in kinderprostitusie en georganiseerde misdaad in lande waar prostitusie gewettig is. Die wettiging van prostitusie sal die deure vir koppelaars (pimps) en bendes oopgooi en sal die hindernisse verwyder vir misdaadsindikate en internasionale sekshandelaars om vryelik in SA werksaam te wees. (*Family Policy Institute*, 49 Parliament Street, Cape Town 8001. Tel.: 021 462 7888, faks: 021 462 7889. Webruimte: www.familypolicyinstitute.org of e-pos: info@familypolicyinstitute.org). Bid asseblief dat prostitusie nie in Suid-Afrika gewettig sal word nie.

Dinsdag 2 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Albanië, Afghanistan en Algerië. Bid vir die redding van elke siel.

Ontvang die Heilige Gees: Jesus self doop met die Heilige Gees

Die Woord daaroor: … *Hy wat na my (Johannes) kom, is my meerdere … Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.* (**Matt.3:11**).

Oorsig daaroor: Die Vader het die Heilige Gees gestuur (**Joh.14:26**) en Jesus is die Een wat ons met die Heilige Gees doop. Vuur het in Bybelse tye verskillende dinge gesimboliseer: Die heerlikheid van God (**Dan.7:9**); Sy heiligheid (**Jes.6:4**); Sy aandrang dat slegs Hy aanbid moet word (**Heb.12:29**); Sy regverdige oordeel en suiwering (**1 Kor.3:13, 15**); Sy toorn oor die sonde (**Ps.18:8**), en baie meer. Wanneer ons met die Heilige Gees en met vuur gedoop word, ontvang ons die volheid van wie God is. Dit vervul ons met heilige vrees vir God, want Hy is hoogheilig! Sy Gees word met 'n doel uitgestort, sodat Sy Naam geëer kan word, nie slegs om 'n aangename ervaring te hê of goed te voel oor onsself nie!

Oorgawe in gebed: *Here Jesus, doop U Kerk met U Heilige Gees, sodat die Kerk U heerlikheid kan aanskou, heilig kan leef, weg kan draai van die boosheid, U Woord kan opsoek, bereid kan wees om vir u Naam te ly en eerbied vir U Naam kan hê.*

Nepal: Die Kerk groei nieteenstaande vervolging

Jong kinders swoeg jare lank sy aan sy met hulle ouers by steenmakerye om gesinskuld te betaal. In die steenmakery-gemeenskappe van Nepal bestaan daar geen toegang tot onderwys, mediese sorg of selfs voldoende kos en ordentlike huisvesting vir hierdie families wat so swaarkry nie. Bekeerlinge tot die Christelike geloof onder die arbeiders is onderworpe aan teistering en vervolging ter wille van hulle geloof. Bid vir Goddelike ingryping en uitkoms. Bid dat die nuwe bekeerlinge geestelik sal groei; en dat die Here deurbrake in hierdie gemeenskappe sal bewerkstellig. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*. Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com)

Woensdag 3 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Dra Amerikaans-Samoa, Andorra en Angola in gebed aan die Here op. Bid vir 'n toename in dag-en-nag-gebed in elke nedersetting, dorp en stad.

Gebedsfokus op evangelisasie: *Alpha* Suid-Afrika

Bid asseblief vir die oprigting van leiers vir die ontwikkeling van *Alpha* in Soweto en ook vir die effektiewe opleiding van hierdie *Alpha*-spanne en -vrywilligers. Dra ook die produksie van 'n *New African DVD*, wat spesifiek vir 'n Suid-Afrikaanse konteks geskep is, in gebed aan die Here op. Bid asseblief vir God se voorsiening en vir meer vrywilligers om met die werk te help. (*Alpha* Suid-Afrika, Posbus 656, Nuweland, 0049. Tel.: 012 998 8144 of faks: 086 518 6263. Webruimte: www.alphasa.co.za of e-pos: kayleigh@alphasa.co.za).

Gebedsfokus op sending: *OM Ships International*
OM Ships International bereik verskillende nasies deurdat hulle hawens met hulle verskillende sendingskepe besoek. Bid asseblief vir genoeg bemanning om diens te doen op die skepe, en ook vir genoeg gekwalifiseerde dek- en ingenieursoffisiere om die skepe van hawe tot hawe te lei. Bid dat besoekers aan die skip die liefde van God sal ervaar wanneer hulle aan boord gaan. Bid dat deure vir die bemanning sal oopgaan om mense in baie verskillende lande te kan bedien en dat hulle die guns van die owerhede sal geniet. Bid vir die Here se voorsiening op die gebied van finansies. Bid ook vir voortgesette goeie verhoudings met die plaaslike kerke omdat hulle ondersteuning en vennootskap deurslaggewend is vir opvolging van kontakte wat deur die bemanning gemaak word. (*OM Ships International*. Webruimte: http://www.omships.org/ of e-pos: info@omships.org).

Donderdag 4 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Anguilla, Antigua & Barbuda en Argentinië. Bid dat invloedryke leiers hulle tot Jesus sal bekeer.

Die werk van die Heilige Gees: Hy doen die bonatuurlike werk van God in ons
Die Woord daaroor: *Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak en hy het die leeu kaalhand uitmekaar geskeur* (**Rig.14:6**). *Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou (Saul) werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word* (**1 Sam.10:6**). (Lees ook: **Luk.1:35**).
Oorsig daaroor: Wanneer die Heilige Gees besit neem van ons, doen Hy die menslik onmoontlike deur ons. Simson kon 'n fisiese gevaarsituasie op bo-menslike wyse hanteer en Saul is letterlik in 'n ander mens verander! Wanneer die Heilige Gees jou ten volle in besit neem, sal jou lewe merkbaar verander. Ons kan dalk baie dinge self vermag, maar wanneer ons deur die krag van die Heilige Gees mense bedien, is dit God wat die werk doen en is dit blywend van aard.
Oorgawe in gebed: *Here, ek bid dat U Heilige Gees dag en nag op U Kerk sal rus. Verander my en laat U Gees so in my werk dat ek vreesloos en met my hele hart U koninkryk se doelstellings hier op aarde bevorder.*

Gebedsfokus op gesondheid: *Wêreldkankerdag*
Die *Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)* beraam dat 84 miljoen mense tussen 2005 en 2015 sonder behandeling aan kanker kan sterf. Op die 4de Februarie van elke jaar werk die *WGO* saam met die *International Union Against Cancer*, wat as borg optree, vir die bekendmaking en bevordering van maniere waardeur die las van kanker op die mensdom verlig kan word. (Webruimte: http://www.who.int/mediacentre/events/annual/world_cancer_day/en/). Laat ons aanhou bid vir die Here se ingryping vir mediese deurbrake in die genesing van kanker wêreldwyd. Dank die Here vir elke persoon wat van kanker genees word.

Vrydag 5 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Armenië, Aruba, Australië en Oostenryk. Bid vir 'n honger en dors om God se Woord te bestudeer, te bid en te verkondig.

Gebedsfokus op kinders: Kinderarbeid
Daar is na raming 10 000 kinderarbeiders in Suid-Afrika (dit sluit kinders in seksslawerny uit). Die meeste van hulle beland in toestande wat aan slawerny grens. (Eighty20. Fact-a-Day. Webruimte: www.eighty20.co.za of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Baie van hierdie kinders is die broodwinners van hulle gesinne waar die ouers dood is as gevolg van MIV/VIGS. Bid asseblief vir hulle, dat hulle op ‘n praktiese wyse deur die optrede van Christene God se liefde en vertroosting sal ervaar, en dat hulle maniere sal vind om vir hulle jonger broers en susters te kan sorg en vry kan kom van onbillike arbeidspraktyke of mensehandel.

Gebedsfokus op onderwys: Gratis onderrig by aanlyn-universiteit
Vir baie studente in ontwikkelende lande is dit onmoontlik om aan 'n universiteit te gaan studeer. Die *University of the People* is die wêreld se eerste aanlyn- akademiese instelling wat gratis toegang tot onderrig bied deur oopbron-tegnologie en gratis kursusmateriaal te gebruik, en voorsiening te maak vir eweknie-onderrig, elektroniese leer en aanlyngemeenskappe. (Webruimte: http://www.bizcommunity.com/Article/410/98/36436.html). Dank die Here vir praktiese oplossings ten opsigte van opvoedkundige behoeftes wêreldwyd. Bid asseblief dat behoeftige persone in staat sal wees om met hulle studies te begin, daarmee vol te hou en dit op hierdie of ander maniere te voltooi.

Saterdag 6 Februarie 2010

Wees bedag daarop: Eer die Heilige Gees

Die Woord daaroor: *Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg?* (**Hand.5:3**).

Oorsig daaroor: Die Heilige Gees is die Gees van alle waarheid. Daar is geen manier waarop ons die Heilige Gees met enige skelmstreek kan mislei nie. Die Heilige Gees sal ons te alle tye oortuig van enigiets wat nie die Vader behaag nie. As ons doelbewus probeer om die Heilige Gees voor mense te bedrieg, sal dit beslis 'n impak op onsself hê. Dit is belangrik dat ons as Christene met vrees en eerbied sal leef en voortdurend bedag sal wees op die innerlike stem van die Heilige Gees wat ons in alle waarheid lei, in ons harte, ons verstand, ons denke, ons optrede en veral in ons verhoudings met ander mense.

Oorgawe in gebed: *Heilige Gees, ek kies doelbewus om my hart en verstand, my verhoudings en alles wat ek doen, aan U leiding en rigtinggewing oor te gee. Help my asseblief om na U stem te luister en my daarna te skik, veral wanneer ek myself en my optrede wil verdedig. Vervul my met die volheid van die eerbied vir die Here en weerhou my daarvan om ooit téén U te praat. Dankie dat Uself die werk wat U in my begin het, sal klaarmaak.*

Gebedsfokus op jong meisies: Kenia

Bid asseblief vir jong meisies wat die gevaar loop van vroulike besnydenis – *Female Genital Mutilation (FGM)* – en na vlugtelingsentrums ontsnap het. Selfs al het baie lande dié gebruik onwettig verklaar, skat die *VN* dat daar elke jaar drie miljoen meisies in Afrika is wat die gevaar loop om so vermink te word. Prys die Here dat daar baie mense in Kenia is wat hierdie tradisie beveg. Daar is ook ouers wat hulle dogters wegstuur om aan die druk te ontkom om hulle te laat besny. (*Trans World Radio*. Webruimte: http://www.twr.org.za/phannah/prayer.asp).

Sondag 7 Februarie 2010

Die werk van die Heilige Gees: Leer ons om volgens God se wil te bid

Die Woord daaroor*: Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof* (**Jud.1:20**).

Oorsig daaroor: As 'n mens lees oor die Heilige Gees se plek in intersesssiegebede, kan ons die Here se gebed tydens Sy laaste aand op aarde beter verstaan: *Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil* (**Matt.26:39**). *Ons weet nie wat of hoe ons behoort te bid nie* (**Rom.8:26**). Baie mense is bekommerd dat hulle nie die wil van die Here bid nie. As ons met die Heilige Gees vervul is, kan ons soos Jesus met vrymoedigheid ons gebede voor die Here lê, en geduldig wag dat Hy dit op Sy tyd en Sy manier sal beantwoord. Verder kan ons ook bloot die Heilige Gees vra om namens ons in te tree en om ons te leer wat en hoe om te bid, en om Sy woorde in ons mond te lê as ons tot ons hemelse Vader bid.

Oorgawe in gebed: *Vader, ons bid dat ons weer nederig en met kinderlike vertroue soos Jesus sal bid: nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. Vergewe ons vir die kere wanneer ons met 'n hoogmoedige gesindheid aan U bevele wou gee, en U wou verplig om te doen wat ons wou hê. Leer ons weer die eerbiedige vrees vir God en om werklik onder leiding van die Heilige Gees te bid.*

Maandag 8 Februarie 2010

Gebedsfokus op redding: Mense wat sukkel met skuld en gierigheid

Daar is nou meer mense wat hulle huise wil verkoop as wat daar kopers is. Inhalige kopers probeer om die huispryse nog verder af te druk, wat daartoe lei dat die verkopers 'n verlies ly en met skuld bly sit nadat hulle huise verkoop is. Bid dat die Here tussenbeide sal tree in elke geval waar huise gekoop en verkoop word, dat die kopers en die verkopers die Here se stem sal hoor, hulle nederig aan die Here sal onderwerp en waarlik hulle getuienis as Christene sal uitleef. Bid vir 'n diepgaande berou en transformasie in die eiendomsmark en dat baie as gevolg daarvan hulle tot die Here sal bekeer.

Gebedsfokus op die Tanganjika-meer

OM (Operasie Mobilisasie) Tanganjika is tans besig om 'n boot te herstel wat as 'n mobiele kliniek op die meer gebruik gaan word om in die mediese en geestelike behoeftes te voorsien van die mense in die afgeleë dorpies in die vier lande wat aan die meer grens. Die projek behels ook die oprigting van 'n dissipelskapsentrum op 'n stuk grond langs die meer. Bid asseblief vir die Here vir finansies en 'n strategie. Dank die Here vir wat Hy alreeds deur die liggaam van Sy Kerk voorsien het. (*ProChristo*, *Good News II Ministry*. Tel. +260 977 199 322. Webruimte: www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).

Dinsdag 9 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Azerbeidjan, die Bahamas, Bahrein en Bangladesj. Bid dat die mense die stem van die Here sal hoor, daarna sal luister en dit sal gehoorsaam.

Die werk van die Heilige Gees: Hy sal aan jou sê wat jy moet sê
Die Woord daaroor: *want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word* (**Luk.12:12**). *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as die hele Judea en in Samaria tot in die uithoeke van die wêreld* (**Hand.1:8**).
Oorsig daaroor: Daar is absoluut geen waarborg dat ons as Christene slegs voorspoed in ons lewens sal ervaar nie. Inteendeel; ons lewe in 'n gebroke wêreld en slegte dinge gebeur met slegte en goeie mense (**Matt.5:45**). Die duiwel is begerig om die werk van God in en deur ons lewens te beëindig. Maar daar ís die volle waarborg dat ons ons nie hoef te bekommer oor wat ons sal moet sê, hoe ons sal moet reageer of wat ons sal moet doen wanneer rampe of vervolging ons in die gesig staar nie. Die geheim is egter dat ons in moeilike tye doelbewus sal wag en na die stem van die Heilige Gees binne-in ons moet luister voor ons praat of iets doen. In sulke oomblikke is daar niemand anders as net jyself wat na die Woorde van God kan luister en dit hardop kan uitspreek nie. Ons word met hierdie doel deur die Heilige Gees bemagtig: om die getuies van Jesus Christus se evangelie te wees waar ons ook al is.
Oorgawe in gebed: Hemelse Vader, ek bid vir die goddelike leiding van U Heilige Gees in my lewe, om by elke geleentheid te kan getuig, maar veral in tye wanneer ek voor rampe of vervolging te staan kom. Help my om op U te wag en slegs te antwoord in ooreenstemming met U wil en plan, sodat ander duidelik sal kan sien dat dit U gesag is wat in sulke tye in en deur my werksaam is.

Van die skepping af tot die ewigheid
Trans World Radio (TWR) en *OneStory* is in 'n vennootskap om deur middel van 'n reeks programme die evangelie aan onbereikte mensegroepe in Wes-Afrika te bring. Meer as 65% van die mense wat in Wes-Afrika woon, is ongeletterd en word as verbale leerders beskou. Die chronologiese Bybelstorieprojek maak die Bybelverhale toeganklik vir mense. (*Trans World Radio*. Webruimte: http://www.twrafrica.org/0190.asp of e-pos: twrafrica@netwisemm.co.za). Bid dat hierdie projek sy doel sal bereik. Bid veral vir die guns van die Here sodat die mense in afgeleë gebiede die verhale oor die radio sal kan hoor.

Woensdag 10 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: bid vir Barbados, Belarus, België and Belize. Bid vir 'n toename van dag-en-nag-gebed in elke nedersetting, dorp en stad.

Gebedsfokus op kinders: Fisiese mishandeling
Ongeveer 80% van kinders onder die ouderdom van twee jaar wat by *Childline* in Port Elizabeth gehelp word, het skedelfrakture as gevolg van fisiese mishandeling deur die ouers of 'n familielid. Ongeveer 43% van gevalle het met seksuele misbruik te make. (Webruimte: http://news.iafrica.com/sa/1491275.htm). Laat ons volhard in gebed tot die Here vir die kinders. Bid dat almal wat kinders doelbewus liggaamlik mishandel, tot hulle sinne sal kom, dat hulle sal besef wat hulle besig is om te doen, hierdie optrede sal beëindig en hulle lewens aan die Here sal gee. Bid dat kinders in Port Elizabeth (soos in Orange Farm) sal leer om vir hulleself te kan bid vir beskerming en ook sal intree vir die wat nog te klein is om te kan bid.

Gebedsfokus op moraliteit: Tienerswangerskappe
'n Studie deur die *Universiteit van Chicago* het bevind dat bykans die helfte van meisies wat deel van hulle lewens in pleegsorg was, ten minste een keer swanger was teen die tyd dat hulle 19 jaar oud was. Selfs meer kommerwekkend is die feit dat onbeplande swangerskap reeds vir baie van die jong vroue 'n patroon geraak het – bykans 'n kwart het meer as een swangerskap in hulle tienerjare gehad. (Webruimte: http://www.time.com/time/nation/article/0,8599,1911854,00.html?xid=newsletter-daily). Bid asseblief dat pleegouers van God wysheid en insig sal kry oor hoe om pleegkinders reg op te voed en dat hulle die kinders opreg sal liefhê. Bid ook dat pleegouers en pleegkinders, seuns en meisies, 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê en dat hulle lewens verander sal word om Hom te verheerlik.

Donderdag 11 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Benin, Bermuda, Bhoetan en Bolivië. Bid dat die mense God se liefde sal verstaan en sal kies om Hom te volg.

Die Persoon van die Heilige Gees: Hy is volledig God, nie slegs 'n krag nie
Die Woord hieroor: *Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een* (**1 Joh.5:7 OAV**).

Oorsig hieroor: Die Heilige Gees is een van die Persone in die Drie-eenheid, volledig God en in wese een met die Vader en die Seun; nie 'n deel van die Drie-eenheid nie. Hy is een van die Drie-eenheid, en self volledig God. Dit is die Persoon van die Heilige Gees wat doop, salf en bemagtig. Die Heilige Gees is nie net 'n krag nie, maar 'n Persoon wat bemagtig. Partykeer kan ons dink dat die werk van die Heilige Gees, die salwing of die teenwoordigheid van die Here, iets anders is as die Persoon van die Heilige Gees. Daar is nie iets soos salwing vir diens of teenwoordigheid van die Here sonder die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees oortuig ons van sonde, Hy werk in ons en woon in ons.
Oorgawe in gebed: *Vader, openbaar die waarheid aangaande die Persoon en die krag van U Heilige Gees, U teenwoordigheid en salwing aan die Kerk. Help ons om die werklikheid van die Heilige Gees as 'n Persoon en deel van die Drie-eenheid te verstaan.*

Gebedsfokus op verlossing: Kheng-gelowiges in Bhoetan
In die vroeë 1990's het die eerste Kheng-mense hulle tot Christus bekeer. Vandag is daar 'n klein groepie Gelowiges wat probeer om hulle vriende en bure ook na Jesus te lei. Bid dat die Bybel spoedig in hulle taal beskikbaar sal wees. Daar is op die oomblik geen hulpmiddels vir die bediening in Kheng nie. Die meeste van die 59 000 Kheng is volgelinge van 'n ander groot wêreldgodsdiens. Dank die Here vir Sy planne om Sy liefde aan hulle bekend te maak. Bid dat daardie planne deur gewillige Gelowiges uitgevoer sal word. (Webruimte: http://www.joshuaproject.net/peopctry.php?rop3=104937&rog3=BT).

Vrydag 12 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Dra Bosnië, Botswana, Brasilië en die Britse Maagde-eilande in gebed aan die Here op. Bid dat die Here Hom deur gesigte en drome aan die mense bekend sal maak.

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Bid vir veiligheid, krag en gesondheid vir hulle, hulle gesinne en veral ook die kinders. Bid ook dat die Here in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Ons het die afgelope paar maande probleme ondervind met die druk en pos van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* Bid asseblief dat die proses vandeesmaand vlot sal verloop, aangesien die volgende *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* binne die volgende 10 dae gepos gaan word. Bid dat elke boekie sy bestemming betyds sal bereik en dat geen koevert of pakkie sal wegraak nie. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op sending: *Masedonië Projek*
Die *Macedonian Project* help en stuur baie gebedspanne uit om te gaan bid in lande wat vir die evangelie geslote is. Daar is 65 lande in die *10/40 Venster*, waar twee derdes van die wêreld se bevolking en 82% van die wêreld se armste mense woon. Van hulle is 97% nie Christene nie! (*The Macedonian Project*. Tel.: 012 665 4892, faks: 086 630 3193. Webruimte: http://www.macsa.co.za of e-pos: info@macsa.co.za). Dank die Here vir hierdie bediening en al die antwoorde op gebede wat hulle oor die jare gesien het. Bid vir die beskerming van en wysheid vir die leiers en personeel, asook vir die wat op gebedsreise na onveilige gebiede gaan.

Saterdag 13 Februarie 2010
Die ontvang van die Heilige Gees: Die stempel van God se genade
Die Woord daaroor: *En die Heilige Gees (het) in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die Hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My"* (**Luk.3:22**).
Oorsig daaroor: Ons sien nie altyd die Heilige Gees fisies op ons neerdaal soos dit met Jesus die geval was nie. In die geestelike sfeer is dit nogtans baie duidelik wat gebeur. Wanneer God die Vader ons die gawe van die Heilige Gees in die Naam van Jesus Christus gee, is dit 'n teken dat Hy by ons wil woon. Die Heilige Gees is die stempel van Sy genade wat op ons rus. Stel jou vir een oomblik voor dat Hy soos 'n duif op jou skouer kom sit. Jou optrede sal bepaal of hy 'veilig' daar kan bly sit of nie! Net so is dit belangrik om só voor die Here te lewe dat ons die Heilige Gees nie sal te na kom, weerstaan, uitblus of bedroef met ons ongehoorsaamheid en ons sondes nie. **Oorgawe in gebed:** *Vader, dankie dat U U guns aan Gelowiges betoon deur U Heilige Gees aan ons te gee. Help ons as U Kerk om versigtig en met heilige eerbied vir U te lewe. Help U Kerk om die verantwoordelikheid te besef om U te verteenwoordig in 'n wêreld wat sonder U lewe.*

Gebedsfokus op sending: Mediese span na Costa Rica
Onlangs het 'n *Operasie Mobilisasie Costa Rica*-span, met dokters en verpleegsters van die VSA en Costa Rica, 'n mediese uitreik geloods na die afgeleë en inheemse reservaat, Punta Burica. Die span van 25 het vir 5 uur teen die berg opgeklim na die reservaat, waar gratis mediese sorg gedurende die week verskaf sou word. Ongeveer 200 tot 300 mense het opgedaag. Benewens die mediese sorg het daar ook baie ander dinge plaasgevind, soos kinderbediening en evangeliesasiedienste saans. Die belangrikste doel van die mediese reis was spesifiek om Jesus Christus as die Geneesheer bekend te stel. Bid vir blywende vrug op elke gesprek wat hulle gedurende die week in die dorpie gehad het. Bid vir al die opvolgwerk van die *OM Costa Rica*-span. (*Operasie Mobilisasie*. Webruimte: www.omusa.org of www.omcostarica.org of e-pos: info@omcostarica.org).

Sondag 14 Februarie 2010
Die gawes van die Heilige Gees: Is dit sigbaar in die Kerk?
Die Woord daaroor: *Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, … 'n verskeidenheid van bedieninge … 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. Aan die een om 'n woord van wysheid te praat … 'n woord van kennis … geloof … genadegawes van gesondmaking … die krag om wonders te doen … om te profeteer … om tussen die geeste te onderskei … om ongewone tale of klanke te gebruik … om dit uit te lê. Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil* (**1 Kor.12:4-11**).
Oorsig daaroor: Die Heilige Gees gee verskillende gawes aan verskillende mense soos Hy wil. Almal het nie dieselfde gawes nie. Moenie jou gawe met dié van ander vergelyk nie. Moenie dit begeer wat die Heilige Gees aan ander gegee het of dink dat jy superieur is as gevolg van jou gawes nie. Laat ons nederig lewe in die Here se teenwoordigheid en ons gawes gebruik om die Liggaam van Christus te dien en vir die werk van die Here.
Oorgawe in gebed: *Vader, help my om die gawes wat U my gegee het, te verstaan en ook hoe om hierdie gawes te gebruik tot voordeel van U Liggaam en tot die bevordering van U koninkryk. Help my om nie hoogmoedig te raak oor my gawes of om die gawes van ander te begeer nie, maar om tevrede te wees met wat ek van U ontvang het.*

Kinders wat bid: Hoe om vir parlementslede te bid

Jy kan die wêreld verander – eenvoudig deur vir konings en leiers van lande te bid. God sê uitdruklik vir ons om vir ons regeringsleiers te bid sodat ons land geseën kan word (**1 Timoteus 2:1-2**). Die volgende is 'n paar kragtige gebede uit die Woord om jou te help terwyl jy vir ons President en ander regeringsamptenare bid, want almal van hulle het 'n nader en 'n groeiende verhouding met die Here Jesus nodig!

1. **Vir hulle huise:** Vader, openbaar die waarheid van Jesus Christus aan die gesin en hart van elke regeringsleier. Maak hulle gewillig om te doen wat reg is. Gee vir hulle wysheid en begrip. Laat elke huis gevul word met vrede en rus (**Psalm 127:1, 101:7; Spreuke 14:11, 24:3, 17:1**).

2. **Vir hulle geestelike lewens:** Vader, maak asseblief die oë oop van al ons regeringsleiers wat nog nie vir Jesus as hulle Verlosser ken nie, sodat hulle kan sien dat U die beste plan vir hulle lewens is. Ek bid dat hulle sal wegvlug van slegte dinge en dat hulle goeie lewens sal lei en U dien. Gee hulle baie geloof, liefde, geduld en sagmoedigheid (**Johannes 6:44; Efesiërs 2:8; 1 Timoteus 6:11,12**).

3. **Vir hulle werk:** Vader, stort asseblief U Gees van wysheid en openbaring uit in die hart en verstand van elke regeringsleier. Lei hulle om wyse raad te soek, net goeie raad aan te neem en tug te aanvaar wanneer dit nodig is. Help hulle om die regte besluite te neem. (**Spreuke 15:22, 19:20**).

4. **Vir hulle krag:** Here, help ons leiers om sterk en dapper te wees en om te doen wat reg is al staan hulle alleen. Gee hulle die vertroue dat U hulle helper is sodat hulle nie bang sal wees vir wat enigiemand sê of dink nie (**Josua 1:7; Hebreërs 13:6**).
5. **Vir nederige harte:** Lei ons leiers om nederig te wees, om te doen wat reg is vir ander mense en om goedhartig te wees. Sal U hulle asseblief beskerm, lei en onderrig. Help hulle om niks slegs oor enigiemand te sê nie, om in vrede te leef en om altyd bedagsaam teenoor alle mense te wees (**Miga 6:8; Psalm 18:27, 25:9; Titus 3:2**).

6. **Om eerlik te wees:** Vader, gee ons leiers 'n onverdeelde hart om die waarheid te leef en te praat. Help hulle om nie na leuens te luister nie en self ook nie 'n leuenagtige lewe te lei nie (**Psalm 101:2-4, 86:11, Spreuke 16:13, 29:12**).

7. **Om medelye te hê:** O Here, help ons regering om reg te laat geskied aan armes en mense in nood in ons land. Help hulle om die swakkes en weeskinders te versorg. Help hulle om nie wraak te wil neem of griewe te koester nie (**Spreuke 29:14; Psalm 82:3-4; Levitikus 19:18**).

Maandag 15 Februarie 2010

Gebedsfokus op redding: Eiendomsagente

Alles is nie pluis wat die integriteit van sommige eiendomsagente betref nie. Die druk om 'n huis te verkoop (selfs al beteken dit dat jy die geleentheid by 'n ander persoon afgeneem het), is baie intens. Bid tot die Here dat Hy die harte van al die eiendomsagente na Hom sal keer. Bid dat diegene wat Christus volg, getrou sal bly en etiese standaarde sal handhaaf, en selfs sal getuig van God se voorsiening teenoor diegene wat Hom nog nie volg nie. Bid dat baie eiendomsagente Jesus Christus as Verlosser en Here sal ontvang.

Sjina se waterprobleem "sal voedseltekorte veroorsaak"

Namate die vraag na water aanhou styg en minder water vir landbou beskikbaar is, sal Sjina 'n voedseltekort van 5-10% begin ervaar – 'n rampspoedige gevolg in 'n land met 1,3 miljard mense. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/news/Sjina-s-water-deficit-will-create-food-shortage-.html). Hierdie probleem neem wêreldwyd toe. Bid asseblief dat die Here uitkoms sal gee, dat versteekte waterbronne aan die lig sal kom om in die behoeftes van mense wêreldwyd te voorsien. Bid ook vir 'n roering in die harte van mense en 'n begeerte na Jesus Christus, die Lewende Water.

Gebedsverhaal: Mure van gebed

Die volgende is 'n gesprek wat met Phil Bennett gevoer is, die persoon deur wie die "*Prayer Walls*" ontstaan het en ook 'n uittreksel uit sy boek "*Watchmen of the Lord*" (Dit is geskryf deur Phil Bennett en Dick Eastman en gepubliseer deur *Every Home for Christ* in 2008).

Hoe het dit begin?

In 1997, terwyl ek besig was om in my gebedskamer te bid, het God by my 'n begeerte laat ontstaan om vir 'n spesifieke land, Engeland, te bid. Ek het beswaar gemaak, want ek het nie geweet hoe om vir 'n hele land te bid nie. Die Here het baie mooi vir my begin wys vir watter dinge ek in Engeland kon bid. Na 'n hele paar maande het die Here begin om 'n onbekende woord (vir my) in my gedagtes uit te spel: Leicester. Hy het verduidelik dat dit 'n stad in Engeland was waarvoor ek moes bid. Ek het begin om vir die stad te bid, dit vir Christus op te eis en vir verlore siele te bid. Hy het vir my gewys dat daar 'n klein groepie was wat in Leicester gebid het. Ek moes saam met hulle begin bid selfs so ver as van oorkant die Atlantiese Oseaan. Gou het God die begeerte by my gewek om met die mense kontak te maak.

Ek het eenvoudig 'n brief geskryf en vir iemand 'n lys gevra van al die gemeentes in die gebied en kontak gemaak met 'n groep met die naam: *Christ for Leicester*. Kort nadat ek met hulle kontak gemaak het, het ek 'n visioen gehad wat daartoe gelei het dat ek met die stigting van *Walls of Prayer* begin het. Die Heilige Gees het my gewys dat daar 'n donker wolk oor die stad Leceister hang en dat gebed die enigste manier was om deur die wolk te breek. Ek het glad nie geweet hoe nie. Ek het begin rondvra en op 'n organisasie afgekom met die naam *The Watchman's Prayer Ministry* wat deur Larry Thompson begin is. Dit was 'n eenvoudige stelsel waarin elke persoon een uur lank gebid het. As die hele 168 ure in 'n week gevul is, is deurlopende gebed gevestig. Ek het 'n gemeente ontdek wat so gebid het en het besef dat dit ook vir Leicester sou werk. Ek is na Leceister toe om die "wagte-visioen" te deel. Daar gekom het ek toegewyde intersessors genooi om 'n gebedsmuur rondom die stad te vorm en vir die stad te bid. Daar was verskeie vergaderings en binne 'n week het ons bykans 'n hele muur voltooi. Die wagte gebedsbediening is begin en meer wagte het bygekom.

Is hierdie konsep van Mure van Gebed net beperk tot Leicester?

Ek het gedink my werk was afgehandel in Engeland. Maar 'n tweede visioen het gekom, hierdie een met betrekking tot vier stede rondom Leicester. Saam met die Leicester-muur sou dit 'n netwerk van gebed vorm vir die bevordering van die Koninkryk van Christus dwarsdeur die middelande. Die stede was Northampton, Peterborough, Birmingham en Nottingham. 'n Gebedsmuur is spoedig in elkeen van die stede gevestig. Ek het begin besef dat God laag vir laag aan strategieë bou. Hy bou nie een ding, los dit en gaan met iets anders aan wat nie met die eerste verband hou nie. Hy begin en bou doelgerig voort op 'n visioen of strategie. Hy voeg nuwe dinge by wat op die ou end volmaak by die ander aanpas in Sy plan vir Sy koninkryk.

Is dit nie 'n goeie konsep om wêreldwyd te promoveer nie?
Nadat mure in Engeland gebou is, het die Here my deur middel van 'n uitnodiging geroep na 'n oostelike poort: Hong Kong. Die stad is 'n duidelike poort na Sjina, die grootste oesland in die wêreld. Verskeie Gebedsmure (Watchmen Walls) is daar gevestig en weereens is 'n span saamgestel wat geestelike oorlogvoering, soos gewoonlik, m.b.t. spesifieke plekke gedoen het. Dit was in dié tyd dat God vir my gewys het dat die Groot Muur van Sjina 'n Groot Gebedsmuur sou word. Vandag is planne onderweg om mure van onophoudelike gebed in elke provinsie van Sjina te mobiliseer en op die ou end in elke groot stad en dorp in Sjina – ongeveer 2 700 areas. (Sedert die skryf van hierdie boekie is daar baie Gebedsmure in Sjina gestig deur die betrokkenheid van veral *Every Home for Christ*). Die Here het my na ander lande gelei, onder andere na Meksiko. Op 'n manier het Hy my laat verstaan dat Meksiko die poort na Noord- en Suid-Amerika was. Dit was daar dat ek begin agterkom het dat Hy 'n nasionale muur wou bou, nie net een met plaaslike intersessors wat op die mure van individuele stede gebid het nie. Die muur is gou daarna gestig met 800 wagte dwarsoor die land, van die Noorde tot die Suide. Daarna het dit begin uitbrei na ander lande.

Hoe funksioneer 'n muur van gebed?
Om 'n muur te begin, beteken om mense te vra of hulle gewillig sal wees om een uur per week te bid vir hulle stad of land. Daar word van hulle verwag om minstens een spesifieke uur per week te bid (hoewel mense vry is om meer as een uur per week te bid). As al die 168 ure van 'n week gevul is, het ons ononderbroke gebed, 24-7. 'n Eenvoudige rooster kan opgetrek word waarin mense hulle name invul. Vir stadsmure is 'n maandelikse gebedsgids nodig. Hierdie gebedsgids moet maandeliks bygehou word met gebedsbehoeftes wat so opgestel word dat alle Christene daarmee gemaklik voel en daaroor kan bid.

Dinsdag 16 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Broenei, Bulgarye, Burkina Faso en Burundi. Bid dat invloedryke leiers hulle tot Jesus sal bekeer.

Om die Heilige Gees se leiding te volg: Leer volharding in tye van beproewing
Die Woord daaroor: *Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei* (**Luk.4:1**).
Oorsig daaroor: Dikwels nadat ons helderheid oor God se roeping en doel vir ons lewens gekry het, kan ons ook, soos Jesus, deur 'n tydperk van stryd en beproewing gaan. Sulke tye kan ons maklik heeltemal ontnugter en wanhopig maak, indien ons nie in nederige gehoorsaamheid aan die altyd teenwoordige Heilige Gees in ons binneste lewe nie. Laat ons eerlik wees hieroor: feitlik niemand spring hierdie "woestynervaring" of "tyd van beproewing" vry nie. Dit is vandag nog net so deel van ons lewens as wat dit in die lewe van ons Here Jesus Christus was. Tog, deur die vervulling van die Heilige Gees wat Hy van Sy Hemelse Vader ontvang het, kon Hy Satan se pogings weerstaan om Sy Vader in die Hemel te betwyfel. Dit is meer as genoeg versekering om enigiets wat die lewe oor ons bring, te deurstaan.
Oorgawe in gebed: *Vader, openbaar asseblief aan elkeen van ons hoe belangrik dit is om ons aan die Heilige Gees oor te gee, veral in tye van stryd en beproewing. Gee ons insig oor hoe om op al die lewe se uitdagings te reageer en met praktiese, Bybelse wysheid daarop te reageer.*

Gebedsfokus op sending: Mongolië
Gelowiges uit verskillende etniese groepe het byeengekom om God se aangesig en leiding te soek vir hulle poging om Mongolië te evangeliseer. Hulle het gebid vir God se ingryping waar hulle Sy liefde gaan deel met mense wat in geestelike slawerny lewe. Bid dat die Gelowiges effektief sal wees en eensgesind sal werk en bid. Bid ook vir deurbrake in elke etniese groep in Ulaanbatar, Mongolië (*Global Prayer Digest*, e-pos: GPDMOD@wciu.edu).

Woensdag 17 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Kambodja, die Kameroen en Kanada. Bid vir die gesindheid van Christus in die harte van die mense.

Gebedsfokus op werkloosheid: Werksverliese in SA
Suid-Afrika het 5,3% van die wêreld se 74 miljoen werkloses, die derde hoogste na die Wes-oewer/Gasa en Masedonië uit 73 lande. Die huidige amptelike werkloosheidssyfer is net meer as 23%. Van al die mense wat werkouderdom bereik, bly 10% werkloos terwyl 35% in diens geneem word, maar 55% tree nooit tot die arbeidsmark toe nie. (Webruimte: http://www.sabcnews.co.za/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=bf1a1d2223011210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default). Hou aan om in geloof te bid dat nuwe werksgeleenthede

weer na vore sal kom vir die wat hulle werk verloor het, dat mense dankbaar sal wees dat hulle wel werk het en hulle werk met integriteit sal doen.

Donderdag 18 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir die Kaap Verdiese Eilande, Kaaimanseilande en die Sentraal-Afrikaanse Republiek. Bid vir deurbrake onder die aanhangers van die Afrika-godsdienste.

Om die Heilige Gees te ontvang: Wag

Die Woord daaroor: *Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het … Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het"* (**Hand.1:2, 4**).

Oorsig daaroor: Jesus het nie gesê hoe lank hulle moes wag nie, of hoe die "koms van die Heilige Gees" sou wees nie. Hy het hulle slegs beveel om te wag. Na Pinkster is die Heilige Gees weer en weer uitgestort soos op die dag toe hulle dit in die bokamer waargeneem het (**Hand.11:15**). Deur die krag van die Heilige Gees het Jesus hulle hierdie opdragte gegee. Partykeer wil die Heilige Gees hê dat ons moet wag voordat ons iets doen of sê. As ons op Hom wag, sal ons nie oorhaastige foute maak en deur onwyse optrede skade aan die Here se koninkryk veroorsaak nie. Ons sal die krag van die Here ervaar wanneer Hy werk, eerder as die ramp, verwoesting en mislukking van wanneer ons op ons eie probeer werk.

Oorgawe in gebed: *Vader, maak my asseblief bereid om te wag vir U perfekte tyd. Vergewe my vir kere dat ek buite U perfekte tydsberekening en op my eie gehandel het. Leer ons as U Kerk om meer en meer op U leiding te wag.*

Gebedsfokus op kinders: Malawi

Daar woon ongeveer 12 miljoen mense in Malawi. Ongeveer 14% van die bevolking is MIV-positief. Die 3,7 miljoen kinders is veral kwesbaar in hierdie situasie; meer as een miljoen van dié tussen die ouderdomme van 5 en 14 jaar is weeskinders. Nagenoeg 700 000 het hulle ouers deur vigs verloor. Bid asseblief tot die Here om werkers op te wek vir hierdie oes, sodat veral die kinders die geleentheid sal kry om lewens van oorvloed te lewe. (Lars Widerberg, *Intercessors Network,* Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Vrydag 19 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Kambodja, Chile en Sjina. Bid dat die Kerk daar sal groei en hulle gemeenskappe beinvloed.

Drywende toilette kan riviersiektes in Kambodja verminder

Drywende toilette kan die hoë vlak van siektes wat deur water oorgedra word, in Kambodja se riviergemeenskappe drasties verlaag. Hierdie gemeenskappe woon hoofsaaklik op drywende vlotte. Bewoners gebruik die rivier as toilet, en gebruik dieselfde water as drinkwater en vir kook- en wasdoeleindes. Driekwart van al die sterftes in Kambodja word veroorsaak deur siektes wat hulle ontstaan in die water gehad het, soos diarree. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/features/floating-toilets-may-cut-river-illnesses-2.html). Bid dat Christene by hierdie projek betrokke sal raak, en nie net fisiese oplossings vir die mense se behoeftes sal bring nie, maar ook Jesus as die Redder van hulle siele.

Saterdag 20 Februarie 2010

Die werk van die Heilige Gees: Om vrymoedig die Woord van die Here te verkondig

Die Woord daaroor*: Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig* (**Hand.4:31**).

Oorsig daaroor: Wanneer daar iets bonatuurliks gebeur, soos hier, is dit belangrik om presies vas te stel wat gebeur het. Toets alle dinge (**1 Tess.5:21**). As die Heilige Gees uitgestort word, is dit met een doel, en dit is om die Woord van God bekend te maak en om Christus aan die wêreld te openbaar. Die Heilige Gees sal altyd die Woord van God bevestig, getuienis lewer oor Jesus Christus en die Vader bekendmaak. En wanneer die Gees van God ons bekragtig, sal ons nie meer huiwerig of bang wees om onder alle omstandighede die waarheid met vrymoedigheid te praat nie.

Oorgawe in gebed: *Vader, ek dank U dat U my so bemagtig het om met vrymoedigheid teenoor enigiemand oor U te praat, te getuig en te verklaar wie U is. Ek bid veral vir die Kerk vandag, dat sy suiwer sal wees in al haar weë, dat sy die waarheid met vrymoedigheid en soveel gesag sal kan onderskei, praat en verkondig dat U Naam te alle tye verheerlik sal word.*

Sondag 21 Februarie 2010

Die vrug van die Heilige Gees: Is dit sigbaar in my lewe?

Die Woord daaroor: *Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal* (**Gal.5:22-25**).

Oorsig daaroor: As ons met die Heilige Gees vervul is, moet die vrug van die Gees ook in ons gesien kan word. Die vrug van die Gees is net so belangrik as die gawes van die Gees. (Kyk by 14 Februarie 2010).

Oorgawe in gebed: Vader, Seun en Heilige Gees, ek begeer om die vrug van die Gees in my lewe te hê. Wys my asseblief hoe ek moet groei. My begeerte is om in gehoorsaamheid aan U Heilige Gees te lewe sodat ek die vrug van die Gees kan dra waardeur die wêreld kan sien dat die Here waarlik 'n mens se lewe kan verander.

Maandag 22 Februarie 2010

Gebedsfokus op redding: Ontwikkelaars

Om met die ontwikkeling van 'n nuwe meenthuiskompleks te begin vereis 'n beduidende finansiële belegging deur die voornemende ontwikkelaar. Hulle moet dikwels die geld uit hulle eie sak verhaal en feitlik alles wat hulle besit, op die spel plaas. Laat ons bid vir huidige en toekomstige ontwikkelaars van bouprojekte, dat hulle 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê en dat Hy hulle in wysheid sal lei om hulle besigheid te bedryf. Bid ook dat hulle hulle lewens en hulle besighede volledig aan die leiding van God deur die Heilige Gees sal oorgee en so 'n getuie van Sy goedheid sal word.

Gebedsfokus op mediese navorsing: Hoop vir genesing van blindheid

Miljoene mense se sig kan moontlik gered word, a.g.v. 'n nuwe laserbehandeling wat die potensiaal het om die algemeenste oorsaak van blindheid uit te skakel. Hierdie tegniek keer die stremmende gevolge van ouderdomsverwante makulêre degenerasie om en is in Brittanje ontwikkel. Die toestand lei daartoe dat baie ouer persone nie meer kan lees, motor bestuur of onafhanklik kan woon nie, en hulle verloor uiteindelik die sig in een of albei oë. (Webruimte: http://www.guardian.co.uk/science/2009/jul/05/blindness-laser-cure-amd). Dank die Here vir hierdie mediese deurbraak. Bid dat baie mense daarby sal baat, maar ook die geleentheid sal kry om Christus te ontmoet as die Lig van die nasies.

Dinsdag 23 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Colombië, die Comore-eilande en die Kongo. Bid vir 'n honger na die Woord van God.

Die werk van die Heilige Gees in die Kerk: Leiers

Die Woord daaroor: *Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel* (**Hand.6:3**).

Oorsig daaroor: Dit is belangrik om nie net vakatures in die Kerk te vul nie, maar om persone met 'n goeie reputasie en vol van die Heilige Gees en wysheid te soek. Hoe dikwels faal die Kerk nie in hierdie soeke nie en stel dan belangrike, welgestelde of invloedryke persone aan om die Kerk te lei. Is ons bereid om die werk met minder mense te doen maar met die versekering dat hulle 'n intieme verhouding met die Here het?

Oorgawe in gebed: *Vader, ons bid vir elke persoon in die kerklike leierskap landswyd, dat U hulle harte sal aanraak met die oortuiging om hulle lewens waar nodig te verander sodat hulle ""n goeie reputasie sal hê", waarlik met die Heilige Gees vervul kan wees en wysheid kan hê omdat hulle U Woord ken en dit liefhet.*

Gebedsfokus op gesondheid: MIV/VIGS

Daar is minstens 28 miljoen mense in Afrika wat met MIV/VIGS saamleef. Poligamie, verkragting en intimidasie maak o.a. dat baie magteloos is om MIV-infeksie te voorkom. Meer as 13% van volwassenes in Mosambiek is met MIV geïnfekteer en minstens 15% van Suid-Afrika se bevolking is MIV-positief. (Webruimte: http://www.twr.org.za/phannah/prayer.asp) Hou asseblief aan bid vir deurbrake in die navorsing om 'n geneesmiddel vir MIV/VIGS te vind, veral noudat navorsingsprojekte grootliks landswyd stopgesit is. Bid veral ook vir die beskerming van vroue, wat meer vatbaar is vir die siekte as mans. Bid dat mense die geleentheid sal kry om Christus te kies en hulle lewens te verander.

Woensdag 24 Februarie 2010

Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir die Cook-eilande, Costa Rica en die Ivoorkus. Bid dat volwassenes hulle aan Jesus sal onderwerp.

Walking by Faith Ministries Suid-Afrika
Die *Gebedswandeling-* en die *Straatevangelisasieprojek* is onlangs geloods en vind gelyktydig op Saterdae in Krugersdorp, Gauteng, plaas. Ander dorpe en stede word ook uitgenooi om deel te neem aan hierdie projek waarin hulle die strate ingaan om met mense oor Christus te praat en vir deurbrake in die verskillende gemeenskappe te bid. (*Walking by Faith Ministries*. Sel: 076 751 1102 of 082 920 1378. Webruimte: www.wbfm.co.nr of e-pos: wbfm@vodamail.co.za of streetministry@vodamail.co.za).

Gebedsfokus op kinders: Gebrandmerk as Kinderhekse
Agentskappe wat met kinders in nood werk, is besig om 'n gebedsaksie rakende die sogenaamde "kinderhekse" te loods en hulle saak te bepleit. Dit wil voorkom of daar 'n toename is in die getal straatkinders wat misbruik en gebrandmerk word as "kinderhekse". 'n Mengsel van die Christelike geloof en tradisionele Afrika-gelowe het skynbaar tot praktyke gelei wat skadelik vir kinders is, soos vas, slae, indompeling in water, brand, en wat in uiterste gevalle van wreedheid die dood van kinders tot gevolg gehad het. (Webruimte: www.viva.org/pray of e-pos: cwilkinson@viva.org). Bid asseblief dat hierdie agentskappe maniere sal vind waarop hierdie kinders doeltreffend geïdentifiseer en gehelp kan word. Bid ook dat die kinders oop en ontvanklik sal wees vir die hulp wat hulle so dringend nodig het.

Donderdag 25 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Kroasië, Kuba en Ciprus. Bid dat die kinders na die Here toe sal kom.

Die werk van die Heilige Gees: **Die bevestiging van God se werk**
Die Woord daaroor: *Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens Sy wil* (**Heb.2:4**). *Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied* (**Hand.8:18-19**).
Oorsig daaroor: Hoe dikwels wil ons nie die tekens, wonders en gawes van die Heilige Gees hê nie, maar ons soek nie die Gees self nie. Soek ons waarlik na God in ons najaag van hierdie dinge? Geen wonder dat baie wegdwaal in die proses om vir ander te bewys hoe geestelik hulle is nie. Ons gee geboorte aan 'n geslag wat ryk en beroemd wil wees eerder as mense wat bereid is om hulle lewens af te lê en Christus op so 'n manier te verkondig dat niemand hulle onthou nie, maar wel die boodskap wat hulle van die Heilige Gees ontvang het.
Oorgawe in gebed: *Vader, vergewe ons as U Kerk, dat ons eerder roem en rykdom najaag en nie 'n suiwer en heilige begeerte het dat U koninkryk moet gedy nie, dat ons ons eie naam verdedig, eerder as U Naam. Vergewe ons, Heilige Gees, dat ons U nie soek vir wie U is nie, maar vir dit wat ons van U kan kry om sodoende mense daarmee te beïndruk. Vergewe ons, Here Jesus, dat ons nie die Vader liefhet soos U ons geleer het deur Sy koninkryk aan 'n sterwende wêreld te verkondig nie.*

Gebedsfokus op weeskinders: Kenia
Die probleem van weeskinders in Kenia word al hoe groter omdat baie kinders hulle ouers as gevolg van MIV/VIGS en ander oorsake verloor. *Kids Alive International* red meisies van strate af en maak hulle in "Ester Huise" groot om "beïnvloeders" in hulle eie gemeenskappe te word. Die meisies kry huisvesting, kos, onderwys en die evangelie. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*. Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Dank die Here vir antwoorde soos hierdie op gebede. Bid dat hierdie en ander organisasies die guns van die gemeenskappe sal geniet sodat hulle die evangelie met hulle kan deel as gevolg van die opheffingswerk wat hulle onder die kinders doen.

Vrydag 26 Februarie 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir die Tsjeggiese Republiek, Denemarke en die Demokratiese Republiek van die Kongo. Bid dat mense hulle aan God se waarheid sal onderwerp.

Gebedsfokus op sending: *World Mission Centre* (*WMC*)
Bid vir die *WMC*-span wat tans 'n nuwe veld vir die *Live School* in Wes-Afrika open. Bid dat hulle veilig sal reis en guns sal geniet by die mense wat hulle moet oplei. Bid ook vir die *Live School*-proses in die voormalige Sowjetunie, waar meer as 80 skole tans bedryf word. (*World Mission Centre*. Tel.: 012 343 1165, sel: 083 300 2567. Webruimte: http://www.worldmissioncentre.com/ of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org).

Saterdag 27 Februarie 2010

Die werk van die Heilige Gees: Hy vermenigvuldig menslike pogings bonatuurlik

Die Woord daaroor: *In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe* (**Hand.9:31**).

Oorsig daaroor: Vermenigvuldiging en die vrugte op ons pogings gebeur nie as gevolg van ons eie inspanning nie. Hoeveel van die "programme" wat ons vir die jeug of die jong volwassenes van stapel stuur, dra werklik vrugte? As ons soos die vroeë Kerk in eerbiedige vrees vir die Here lewe, en ons aan die stem van die Heilige Gees onderwerp, sal ons die werk van God deur die krag van God kan doen. Dan sal "siele wen" en "koninkrykswerk" ons aanvuur om met onblusbare energie voort te gaan, en ander aan te trek tot dieselfde lewenskragtige toewyding aan God en Sy werk.

Oorgawe in gebed: *Vader, vergewe ons as U Kerk dat ons nuwe idees op die proef stel in ons pogings om mense te oorreed om by kerklike aktiwiteite betrokke te raak sonder dat ons die leiding van die Heilige Gees vra. Vergewe ons dat ons dikwels eerder daarop fokus om mense te vermaak as om U bekend te stel as die Een wat lewens verander. Heilige Gees, ons vra U om ons te lei, sodat die Kerk in ons nasie, die Vader kan verheerlik deur die Seun.*

Gebedsfokus op aanlyngevare: Kinderveiligheid aanlyn

Meer as 60% van kinders en tieners gesels daagliks in Internetkletskamers. Drie uit vier kinders wat aanlyn is, is bereid om persoonlike inligting oor hulleself en hulle gesinne in ruil vir goedere en dienste te verskaf. Een uit vyf van die kinders sal elke jaar deur 'n kubersluiper of 'n pedofiel geteiken word. Die *VN*-telekommunikasie-agentskap en die Europese Kommissie het saamgespan om kinders – die aktiefste en kwesbaarste Internetgebruikers – teen aanlyngevare te beskerm, insluitend kuberboelies en pedofiele. Bid dat die aanlynveiligheid van kinders wêreldwyd aandag sal kry en ernstig opgeneem sal word. Vra ook dat daar begin sal word om die situasie realisties en doeltreffend aan te pak. (*Children at Risk* Prayer News. Webruimtes: http://www.viva.org/ of http://www.facesofchildren.net/ of e-pos: pray@viva.org of info@facesofchildren.net).

Sondag 28 Februarie 2010

Die Persoon van die Heilige Gees: Sewevoudige Gees van God

Die Woord daaroor: *…vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God.* (**Op.4:5**). *Die Gees van die Here sal op Hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here* (**Jes.11:2**).

Oorsig daaroor: Die Heilige Gees se teenwoordigheid voor die troon van God word gesimboliseer as sewe fakkels. Die kruisverwysing na hierdie vers word gevind in **Jesaja 11:2**. As ons met die Heilige Gees vervul is, ontvang ons die volheid van die Gees van God en sal Hy ons Sy wysheid, insig, raad, krag, kennis en eerbied vir die Here gee. As ons bid om met die Heilige Gees vervul te word, moet dit wees om God te eer en om Sy werk te doen. Die Persoon van die Heilige Gees (**Jes.11:2**) werk deur ons d.m.v. Sy gawes (**2 Kor.1-11**). Dit behoort in ons lewens sigbaar te wees deur die vrug van die Heilige Gees (**Gal.5:22**).

Oorgawe in gebed: Heilige Gees, ons bid dat U aan ons, die Kerk, sal openbaar wie U is en wat U deur en in ons wil doen.

Gebedsfokus op Israel: Purimfees

Vanaf 28 Februarie tot 1 Maart 2010 herdenk die Jode die vas van Ester en die Purimfees. Volgens die geskiedenis soos opgeteken in die boek Ester, het God die Israeliete as 'n volk van 'n doodvonnis gered. Dink daaraan om hierdie week die boek Ester deur te lees en te bid dat die Jode ook sal begryp dat Jesus Christus hulle Verlosser en Redder uit die ewige dood is. Bid dat Christene in hierdie tyd teenoor die Jode sal getuig oor die ewige lewe in Christus. (*Christian Friends of Israel*. Tel.: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net, bron: http://www.everythingjewish.com/Purim/Purim_origins.htm).

Maandag 1 Maart 2010

Gebedsfokus op redding: Dwelmbase

'n Dwelmbaas is gewoonlik die leier van 'n dwelmnetwerk, en daar is vele van hulle in Suid-Afrika. Internasionale dwelmnetwerke gebruik soms hierdie plaaslike netwerke om hulle dwelms deur die doeane in en uit die land te kry. Bid dat hierdie dwelmbase 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus self sal hê, dat hulle oë geopen sal word vir die waarheid van die evangelie en dat hulle lewens omgekeer sal word om Christus te volg.

Jou liggaam is die tempel van die Heilige Gees: Leef heilig

Die Woord daaroor*: Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julle self nie* (**1 Kor.6:19**).

Oorsig daaroor: Andrew Murray het geskryf: Dit is die liggaam wat die tempel van die Heilige Gees is (**1 Kor.6:19**). As ons met die Gees van God vervul is, sal dit ook in die liggaam na vore kom. As ons deur die Gees 'n einde maak aan ons sondige praktyke, sal ons lewe (**Rom.8:13**). Die Gees word spesifiek gegee om ons toe te rus vir dienswerk. Dit is Sy inwoning in die liggaam wat dit lewend maak en laat deel in die opstandingslewe. Toon jou lewe die teenwoordigheid van die Heilige Gees?
Oorgawe in gebed: Vader, ons bely dat ons steeds die weë van die vlees navolg, of dit is om te ooreet of na gewelddadige, immorele films te kyk of twyfelagtige boeke te lees ensovoorts. Vergewe ons dat ons nie ons liggame met eerbied behandel as die tempel van die Heilige Gees nie.

Dinsdag 2 Maart 2010
Fokus op Wêrelddag van Gebed: Bid vir Dominika, die Dominikaanse Republiek en Djiboeti. Bid dat mense hulle harte na God sal keer.

Hanteer die lewe in en deur God: Wat is vergifnis?
Om te vergewe beteken om skuld af te skryf. Die Griekse woord *aphesis* staan vir 'n "ontslag" of "vrylating". As jy vergewe, skryf jy die skuld af wat jou toekom. As jy vergifnis ontvang, word jou skuld afgeskryf. (Jy word vrygestel van enige vereiste om terug te betaal.) Jesus beskryf die hart van vergifnis as Hy sê: *"Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word"* (**Luk.6:27**).
Prakties: Dink oor jou lewe. Gebruik 'n tydjie in die loop van die dag en skryf alles neer wat in jou gedagtes opkom oor dinge wat jy meen jou laat swaarkry deurdat 'n vriend, 'n gesinslid, 'n kind of 'n gade jou te na gekom het. Probeer om minstens een keer 'n week by die Here te gaan sit en doelbewus oor hierdie sake te bid.
Gebed: *Vader God, openbaar nou aan my die dinge in my hart wat U nie behaag nie. Help my om die waarheid oor elke aangeleentheid te verstaan en te erken, veral waar dit 'n geval is van 'n gebrek aan vergewensgesindheid. Ek kies om U leiding te vertrou, selfs al weet ek nie hoe om moeilike situasies te hanteer nie.*

Gebedsfokus op misdaad: SMS-wenke-inisiatief
Die *Misdaadlyn-inisiatief* is in Junie 2007 begin en is daarop gerig om misdadigers van die straat af te kry. Hierdie projek geniet die steun van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)*. As iemand vermoed dat 'n ander persoon by 'n misdaad betrokke is (selfs 'n familielid of 'n vriend), kan hulle dit nou anoniem aanmeld. Enige inligting oor misdadigers wat op die *Misdaadlyn* aangemeld word, sal opgevolg word – of die oortreders moordenaars, verkragters, diewe, kapers, dwelmhandelaars, bendes, kinderuitbuiters ensovoorts is. (Stuur 'n SMS of besoek www.crimeline.co.za om anoniem misdaadverwante of enige verdagte aktiwiteit aan te meld.) Dank die Here vir inisiatiewe van hierdie aard as die beantwoording van baie jare se gebede! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief, sodat baie misdadigers vir hulle dade tereg kan staan. Bid ook vir die redding van misdadigers.